

**Saterdag 11 November**

**Skrifgedeelte: Matteus 24:45-51**

**Fokusgedeelte: Matteus 24:50**

**Wees wakker, Jesus kom weer!**

Die boodskap van Jesus in sy profetiese rede is baie duidelik: Daar kom 'n dag wanneer God oor elke mens gaan oordeel. Net God weet wanneer hierdie dag gaan aanbreek, daarom moet elkeen van ons voorbereid wees. Ons moet dié dag met 'n sekere hartsgesindheid inwag.

Die “getroue en verstandige slaaf” wat sy eenaar enige oomblik terug verwag, is die gelowige wat vir Christus op sy woord vat. Christus is die Here wat dood was en weer opgestaan het, maar wat ook aan die regterhand van God sit vanwaar Hy terug gaan kom. Waar die Gees hierdie waarheid in 'n hart vasmaak, ontstaan 'n sekere hartsgesindheid. Ek weet my Koning kom terug, daarom ...

- ... is ek diensbaar in sy gemeente en is ek sonder ophou besig om die goeie nuus oor Hom in woord en daad te verkondig;
- ... sien ek uit na die dag wanneer ek by Hom gaan wees en waar ek mede-erfgenaam gaan wees van alles wat aan Hom behoort.

Ongelukkig is daar so baie mense, selfs mense wat sê hulle is gelowiges, wat soos 'n “slegte slaaf” lewe. In hulle handel en wandel skep hulle die indruk asof Jesus nooit weer terug gaan kom nie, of as hulle Hom terug verwag, lê dit nog ver in die toekoms. In hulle daaglikse lewe steur hulle hul nie aan God nie.

Die groot dag van die Here, wat gepaard sal gaan met die wederkoms van Christus, gaan elke ongelowige onkant vang en sal lei tot hulle veroordeling deur God.

*Sing: Skrifberyming 2-4:2, 3*

*Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)*